# CALVYN EN DIE EKUMENIESE ROEPING VAN DIE KERK — 'N ORIËNTERING.

*Inleiding.*

Wanneer ons hier oor die ekumeniese roeping van die Kerk handel, dan kom veral twee eienskappe van die Kerk in gedrang nl. die algemeenheid of katolisiteit en die eenheid van die Kerk. Dit is eintlik 'n nuwe betekenis wat aan die begrip ekumene gegee is in die latere tyd omdat die begrip terminologies alleen 'n geografiese betekenis het. Die begrip ekumene word egter gebruik juis omdat daarmee vandag ook die verskeurdheid van die Kerk in rekening gebring word wat eintlik nie sou plaasvind as die geografiese betekenis van die begrip alleen bedoel word nie.

En nou is dit seker noodsaaklik om die primêre bronne nl. die Skrif en belydenis te gebruik in die bepaling van die ekumeniese roeping van die Kerk. Maar ons is van mening dat ons ook met groot wins terug kan gaan na Calvyn, nie met die bedoeling om ons situasie identies met dié van Calvyn te behandel nie, maar om sekere riglyne te trek wat ook in ons situasie van belang kan wees.

## *ENKELE GRONDMOTIEWE IN DIE KERKBEGRIP VAN CALVYN.*

*A. Sy teosentriese uitgangspunt.*

Dit sou teologies onverantwoord wees om in ons tyd die ekumeniese roeping van die Kerk te behandel sonder om eers duidelikheid te kry oor die wese van die Kerk. En so sou ons ook nie Calvyn se bydrae ten opsigte van die katolisiteit en die eenheid van die Kerk na waarde kan skat as ons nie 'n duidelike beeld van sy kerkbegrip het nie.

Calvyn se uitgangspunt vir sy teologie en vir sy kerkbegrip is teosentries. In sy Kerkbegrip kom sy duidelikste teenstelling met Rome na vore juis omdat Rome 'n antroposentriese uitgangspunt in sy Kerkbegrip handhaaf. In sy Vierde boek van sy Institusie (standaard uitgawe van 1959) skrywe Calvyn oor die Kerk maar in direkte verband met die uitverkiesing en die inwendige roeping.[1] Die oorsprong van die Kerk is te soek in die welbehae van God.

Maar verder is die Kerk nie te dink sonder Christus nie. Christus is die Hoof van die Kerk.[2] Die kerk is sy liggaam wat deur die geloof een met Hom is en die uitverkorenes is almal in Christus so verbonde soos die lede van dieselfde liggaam. Hulle het in waarheid een geword daar hulle deur een geloof, hoop en liefde en deur dieselfde Gees saam leef, geroep nie alleen tot diesefde erfenis van die ewige lewe nie, maar ook tot die gemeenskap van die een God en Christus.[3]

Hierdie gemeenskap met Christus dui hy nader aan as 'n unio mystica wat tot stand kom deur die werking van die Heilige Gees. By sy christologiese motief in sy Kerkbegrip kom nou die pneumatologiese. Christus is vir ons van geen nut solank ons nog nie deur die Heilige Gees met Hom verenig is nie.[4]

Opmerklik is nou die klem wat Calvyn laat val op die enge band tussen die Heilige Gees en die Woord. Hy noem die Roomse saam met die Wederdopers sektes juis omdat hulle die Gees van die Woord skei. By Rome word die Gees dan gebind aan die ampte. Hy verwyt die Roomse dat hulle met die Heilige Gees skerm om daarmee te kamoufleer hoe die Woord

begrawe is.[5] Die Roomse beweer dat die Kerk nie kan dwaal nie as dit deur die Gees gelei word nie; maar dit impliseer dat die Kerk dan veilig sonder die Woord kon wandel. Hierteen sê Calvyn dat die Gees die Kerk juis onderrig deur middel van die Woord. Die Heilige Gees self wil met 'n onverbreeklike band aan die Woord gebind wees.[6] Treffend skryf hy in sy Kommentaar op Johannes 16:14:

„Soo is dan de werelt door een valsche voorwendinghe des Gheestes betoovert geweest, om van de eenvoudige suyverheit Christi af te wijcken. Want so haest als men den Gheest van het woort Christi afscheurt, soo is er voor allerlei droomen ende bedriegerijen een deure gheopent . . ."[7]

B. *Die universele Kerk.*

Calvyn dui die universele Kerk aan as die liggaam van Christus waarbuite daar geen saligheid is nie. Hierdie universele Kerk het 'n onsigbare en 'n sigbare kant. Die onsigbare Kerk is die Kerk soos God dit sien in sy uitverkiesing. Die sigbare Kerk is die kerk soos dit in die wêreld gesien word en staan in verband met die verbond. Die verhouding van die onsigbare tot die sigbare kant van die Kerk is dus dieselfde as die verhouding van uitverkiesingg tot genadeverbond. Calvyn gee toe dat daar in die sigbare Kerk baie hipokriete is en daarom soek hy die wese van die Kerk in die onsigbare band van die gelowiges aan Christus.

In sy Institusie van 1559 bepaal hy hom meer by die sigbare Kerk en noem in dié verband die kenmerke van die Kerk:

„As tekens waardeur die Kerk geken kan word, het ons die prediking van die Woord en die onderhouding van die Sakramente gestel. . . . Hoe dit ook sy, waar die prediking van die Evangelie gehoor word en die Sakramente nie verontagsaam word nie, daar vertoon hom vir 'n tyd 'n geensins onbedrieglike nog twyfelagtige gedaante van die Kerk."[8]

Die hele menigte van gelowiges vorm die universele Kerk en van dié Kerk sê hy dat dit

„societatem esse sanctorum omnium, quae per totum orbem diffusa, per omnes aetatis dispersa, una tamen Christi doctrina et uno spiritu colligata, unitatem fidei ac fraternam concordiam colit atque observat."[9]

Uit hierdie omskrywing van Calvyn volg dat die universele Kerk geografies versprei is (dit is die ruimtelike aspek);
dat dit deur alle eeue bestaan (dit is die tydsaspek):
maar dat dit tog een is in die leer van Christus (dit is die fondament van die eenheid)
en dat daardie eenheid uitdrukking vind in die eenheid van geloof en broederlike samestemming.

So vervleg Calvyn die katolisiteit en die eenheid van die Kerk saam met die apostolisiteit.

Hy bring dieselfde gedagtes tot uitdrukking ook in sy Institusie as hy skryf dat die gemeenskap van die Kerk deur twee dinge saamgehou word nl. die eenstemmigheid in die gesonde leer en die broederlike liefde.[10] Maar daar moet eers eenstemmigheid in die leer wees voordat daar gemeneskap in die liefde kan wees.

Hieruit vloei voort dat daar vir Calvyn wel grense bestaan ten opsigte van die eenheid van die Kerk. Nijenhuis kom tot die konklusie

„Dit betekent, dat de Kerk grenzen heeft en dat de eenheid, die Calvijn zoekt niet slechts een algemeene broederschap is, waarvan inhoud

en grondzlag niet dogmatisch bepaald zijn. De eenheid is voor Calvijn eenheid in de leer der waarheid. De grondzlag dezer eenheid is het Woord Gods."[11]

Treffend is dit om in hierdie verband te let op sy houding teenoor Blandrata en Servet. Blandrata het in Pole groot invloed verkry met sy unitariese neigings en Calvyn ontvang van Lismanino 'n versoek om hom met Blandrata te versoen. In sy antwoord aan laasgenoemde noem hy Blandrata 'n trouelose mens, 'n hardnekkige ketter sodat Calvyn hom nie een met hom kan voel nie.[12] Dit is bekend dat hy met Servet ook geen gemeenskap kon voel nie. Die heresie is verskeuring van die eenheid van die Kerk omdat dit vervalsing van die waarheid is.

## CALVYN SE HOUDING TEENOOR ANDER KERKE.

### A. *Teenoor die Roomse Kerk.*

Calvyn verwerp die beskuldiging van die Roomse as sou hy saam met die ander Hervormers die eenheid van die Kerk verbreek en stel daarteenoor dat die Roomse juis skeurmakers is omdat hulle van die waarheid afgedwaal het en dat die Kerke van die Reformasie die voortsetting van die ware Kerk is.

Omdat daar geen kerklike gemeenskap kan wees sonder ooreenstemming in die gesonde leer nie, verbreek die Roomse die band van die gemeenskap met hul valse leer. Maar ook omdat die Roomse die Gees van die Woord skei en veral aan die ampte bind, ken Calvyn die titel Kerk nie eenvoudig aan die Roomse toe nie. Tog ontken hy nie dat daar onder die Pousdom of die Kurie nog kerke is nie,[13] maar dié kerke vertoon meer die gedaante van Babilon as van die stad van God. Die wettige konstitusie van die Roomse Kerk vertoon die kenmerke van die valse Kerk en daarom moet daarmee gebreek word. Hy skryf:

„Die Kerk moet noodsaaklik ineenstort, wanneer die hoofsom van die religie wegval, wat haar alleen staande hou. Bowendien, waar die ware Kerk die pilaar en vastigheid van die waarheid is (1 Tim. 3:15), daar is dit seker dat daar geen kerk is waar die leuen en die valsheid die ryk ingeneem het nie."[14]

Interessant is dat Calvyn desnieteenstaande herhaaldelik aan godsdiensgesprekke met die Roomse deelgeneem het bv. te Hagenau, Worms en Regensburg. Die inisiatief vir sulke gesprekke het nie van Calvyn uitgegaan nie, maar eintlik van die Keiser. Hoewel daar eenstemmigheid gekom het oor die leer van die erfsonde, kon daar nie verder vordering gemaak word nie en dit het op niks uitgeloop nie. Calvyn wou later nie na die godsdiensgesprek met die Roomse te Poissy (1561) gaan nie en skryf aan Beza:

„Wat ander ook mag dink, ek is oortuig dat wat 'n mens met 'n gesprek kan wen, niks is nie."[15]

En toe die gesprek van Roomse kant afgebreek is, skryf Calvyn aan Beza dat dit by hom geen kommer veroorsaak nie en vervolg:

„Die verhoudinge is nog nie ryp genoeg daarvoor dat die suiwere geloof van hulle instemming kan verkry nie."[16]

### B. *Teenoor die ander Kerke van die Reformasie.*

Dit is bekend dat Calvyn die gedagte van Cranmer om geleerdes uit die verskillende protestantse Kerke in 'n *konsilie* te laat vergader, met ywer gesteun het. Hy skryf daaroor die bekende woorde:

„Wat my betref, indien ek van enige nut kon wees, sou as dit nodig is, die oorsteek van tien seë vir dié saak my niet verdriet aandoen nie."

Maar hy gaan verder en stel ook sekere bepalinge vir so 'n konsilie op. Aan die een kant mag daar vryheid wees ten opsigte van die plek, die deelnemers en die prosedure. Maar aan die ander kant moet daar gebondenheid wees aan die Woord van God. Hy skryf oor die grondslag van so 'n konsilie:

„Noudat daar egter 'n ernstige en deeglik aan die Skrif genormeerde consensus van geleerde manne vereis word, waartoe ver van mekaar verwyderde kerke hulle moet verenig, nou meen ek dat mens geen inspanning of moeite moet spaar nie."[17]

Ook teenoor die ou konsilies lê hy dieselfde maatstaf aan nl. dat hulle besluite getoets moet word aan die Heilige Skrif.[18]

Maar sy houding tot die ander Kerke van die Reformasie word hoofsaaklik bepaal deur sy siening van die universele Kerk en hy reken alle Kerke wat nog die hoofsom van die religie handhaaf as deel van die universele Kerk. By hulle is daar nog die suiwer bediening van die Woord en die Sakramente en hulle hou vas aan die fundamentele stukke van die geloof. Tot laasgenoemde behoort bv. dat daar een God is, dat Christus die Seun van God en God is, dat ons saligheid in die barmhartigheid van God geleë is.[19]

Hoewel Calvyn dus die Switserse (Zwingliaanse) Kerke en die Duitse (Lutherse) Kerke as ware Kerke erken, beywer hy hom om tot nouer bande met hulle te kom.

Met die Zwingliane het hy na herhaalde gesprekke tot 'n leerooreenkoms geraak, die sgn. Consensus Tigurinus. Hierdie gesprek met die Zwingliane het begin as 'n privaat gesprek tussen Calvyn en Bullinger. Dit kom duidelik na vore in 'n brief aan Mykonius van Basel wat gesteurd was omdat hy nie geken is in die onderhandelinge wat aan die Consensus Tigurinus voorafgegaan het nie. Maar later is die kerke van Bern wel geken in die onderhandelinge.[20]

Ook die Tweede Helvitiese Konfessie wat deur Bullinger opgestel is in 1566 was 'n consensus tussen die Zwingliane en die Calviniste.

Laat ons net weer terugkeer na die onderhandelinge wat aan die Consensus Tigurinus vooraf gegaan het. Calvyn skryf aan Bullinger:

„Maar ons wens om vertroulik, sonder enige sug na stryd, met u dié dinge te bespreek, waaroor ons nie heeltemal eens is nie."[21]

Hieruit is dit duidelik dat die gesprek met die Zwingliane veral oor die punte van verskil gegaan het. Interessant is verder om daarop te let dat Calvyn eers 24 stellinge oor die Sakramente (want daaroor was daar verskil) aan Bullinger en aan die predikante van Bern gestuur het. Met hierdie metode wou Calvyn die uiteensetting van die waarheid laat vooropstaan.

Calvyn het hom ook beywer om tot 'n nadere ooreenkoms met die *Lutherane* te geraak. Hy trag om deur bemiddeling van Melanchton met Luther self tot 'n ontmoeting te kom. Dit het egter nie sover gekom nie hoofsaaklik omdat Melanchton nie die vrymoedigheid gehad het om Luther oor die saak te nader nie.

Ook hier wou hy die metode van 'n godsdiensgesprek gebruik. So skryf hy aan Melanchton:

„Soek 'n mens 'n middel om vrede te stig, is die enigste hoop 'n godsdiensgesprek."[22]

In sy onderhandelinge met die Lutherane is sy uitgangspunt weer dat daar by hulle ook die fundamente van die leer gevind word. Hy skryf:

> „Oor die een God en die regte wyse van sy verering, oor die verdorwenheid van die menslike geslag, oor die saligheid uit genade, oor die verkryging van die geregtigheid, oor die amp en die werk van Christus . . . oor die aanroeping van God en oor alle hoofsake word oral by ons dieselfde leer verkondig . . ."[23]

Calvyn probeer ook bemiddelend optree tussen die *Zwingliane en die Lutherane* en hoop dat die Consensus Tigurinus ook deur die Lutherane aanvaar sou word. Hierin is Calvyn veral gesteun deur Melanchton. Maar deur die toedoen van veral Westphal het dit nie gebeur nie. Maar hierdie mislukte poging is voorafgegaan deur 'n geslaagde samekoms van Lutherane en Zwingliane wat deur bemiddeling van Bucer in Oktober 1529 plaasgevind het en waarop sowel Luther as Zwingli persoonlik teenwoordig was. Op hierdie byeenkoms is oor veertien punte ooreenkoms bereik, maar die vyftiende, die Nagmaal het die struikelblok gebly en dit was ook juis die stelling oor die Nagmaal in die Consensus Tigurinus wat verhinder het dat dit deur die Lutherane aanvaar is.

Dit is duidelik dat Calvyn teen twee uiterstes gewaak het. Aan die een kant wou hy nie 'n goedkoop kompromis aangaan terwille van die eenheid nie, waarin die waarheid sou prysgegee word. In dié lig kan ons sy woorde aan Bucer, wat 'n sterk ireniese gees was, begryp.

> „Indien jy 'n Christus wil hê wat vir elkeen aanvaarbaar is, dan mag jy daarvoor nog nie 'n nuwe evangelie fabriseer nie."[24]

Maar aan die ander kant is dit duidelik uit sy geskrifte dat hy 'n sterk afkeur aan *schisma* gehad het. Ons gee daarvan twee bewyse. Hy skryf aan Zébédée:

> „Maar daar hoef nie uit elke verskil van mening sonder meer 'n skeiding voort te vloei nie. Inteendeel, indien jy in jou gewete jouself gedronge voel om sy mening (Bucer s'n—B.D.) in enige opsig af te wyk, moet jy jouself ook moeite gee om 'n broederlike gemeenskap tussen jou en hom te laat bestaan. Want ons mag ons nie ligvaardig afskei van hulle met wie ons deur die Here verbind is tot die gemeenskap aan Sy werk. En die een ding vra ek jou dat netsoos jy die waarheid waarin jy tot nou toe standvastig was, vasberade vashou, jy ook nie die skyn wek dat jy met opset onenig wil wees met hulle van wie jy dit nie kan ontken dat hulle deur jou en deur alle goeie mense beskou moet word as behorende tot die vernaamste dienaars van Christus."[25]

'n Tweede bewys is sy advies aan die Franse vlugtelinge in Wesel wat eintlik gaste by die Lutherse gemeente was en voor die vraag gestaan het hoe hulle moet optree ten opsigte van die seremonies wat by die Lutherse in gebruik was. In sy brief aan hulle wys hy daarop dat die seremonies nie „die hoofsake van die leer" raak nie en vervolg:

> „die een moet by die ander aanpas in al die seremonies wat geen beslissende invloed op die belydenis van die geloof het nie, sodat die eenheid van die Kerk nie deur ons te grote gestrengheid of beangstheid verstoor word nie."[26]

*SLOTOPMERKINGS.*

As ons as Kerk vrugbaar gebruik wil maak van die gedagtes van Calvyn in ons interkerklike roeping en vir die uitlewing van ons ekumeniese roeping

in die algemeen, is dit nodig om daarop te let dat die kerklike situasie vandag baie verskil van dié in die tyd van Calvyn. Die kerklike lewe was seker veral wat die regering van die kerk betref, nie sover ontwikkel nie. Daar was bv. nie reëlmatige samekomste van sinodale vergaderings nie. Dit het meegebring dat die predikante en teoloë 'n swaarder verantwoordelikheid gedra het. Hieruit kan ons ook Calvyn se individuele gesprekke met teoloë van die Switserse en Duitse Kerke verstaan.

Daarby kom nog die gesamentlike antitese teenoor Rome wat by die Calviniste, Zwingliane en Lutherse in hul terugkeer na die Woord hul houding teenoor mekaar mede bepaal het.

Nieteenstaande hierdie en nog ander verskille tussen ons tyd en dié van Calvyn, meen ons dat ook hierdie oriënterende studie die bewys lewer dat daar in Calvyn se geskrifte en optrede belangrike riglyne te vinde is wat ons kan gebruik in die uitlewing van ons ekumeniese roeping.

Dié riglyne kan ons soos volg saamvat:

1. Die universele Kerk kom daar tot openbaring waar die Woord en Sakramente suiwer bedien word, of soos Calvyn dit stel, waar die hoofsom van die leer gehandhaaf word.
2. Die eenheid van die Kerk is 'n eenheid van ooreenstemming in die leer van die Skrif, d.w.s. van ooreenstemming in belydenis.
3. Die eenheid van die Kerk word verbreek deur afdwaling van die grondslag van die eenheid nl. die waarheid.
4. Die eenheid van die Kerk word nie verbreek deur die verskeidenheid van tale nie of deur die feit dat op verskillende plekke kerke is nie.
5. Die herstel van die verbroke eenheid van die Kerk lê in terugkeer na die Woord en die gemeenskaplike belydenis as antwoord van die Kerk op die Woord.
6. Dit is die roeping van die Kerk om te werk aan die herstel van die gebroke eenheid van die Kerk.
7. Verskil oor seremonies wat nie die hoofsom van die belydenis raak nie, is nie genoegsame rede vir afskeiding nie.
8. Afdwaling van die waarheid verbreek die eenheid en weiering om terug te keer tot die waarheid maak afskeiding noodsaaklik. So 'n afskeiding is dan nie 'n verbreking van die eenheid nie, maar juis 'n voortsetting van die ware Kerk.
9. Die metode om met kerke wat nie in dieselfde kerkverband is nie, te handel, is om veral met mekaar te spreek oor die dinge wat hulle uitmekaar hou. Hiertoe kan samekomste van teoloë ook diens doen. Die grondslag hierin moet wees die gemeenskaplike erkenning van die Skrif as die Woord van God.

(Gelewer voor G.T.V. Pretoria.)

B. DUVENAGE.

---

VOETNOTAS

1. Inst. IV, 1, 2.
2. Inst. IV, 1, 2.
3. Inst. IV, 1, 2.
4. Inst. III, 1, 3.

5. P. J. Richel: *Het Kerkbegrip bij Cilvijn*, p. 194.
6. Inst. IV, VIII, 13.
7. J. Calvijn: *Uytlegginghe op den Evangelist Johannes*, H. Franssen, Utrecht, 1890.
8. Inst. IV, I, 10.
9. Opera II, 754.
10. Insht. IV, II, 5.
11. W. Nijenhuis: *Calvinus Oecumenicus* p. 272.
12. *Brief aan Limanio* 9 Okt. 1561.
13. Inst. IV, II, 12.
14. Inst. IV, II, 1.
15. *Aan Beza* 10 Sept. 1561.
16. *Aan Beza*, 16 Okt. 1561.
17. Aangehaal deur W. Nijenhuis: *a.w* p. 209, 210
18. Inst. IV, X, 8.
19. Inst. IV, I, 12.
20. *Aan Mykonius* 26 Nov. 1549.
21. *Aan Buillinger* 26 Junie 1548.
22. *Aan Melanchton* 3 Aug. 1557.
23. *Aan die Saksiese en Nederduitse predikante* 5 Jan. 1556
24. Aangehaal deur W Nijenhuis: *a.w.* p. 114.
25. *Aan Zebedee* 9 Mei 1539.
26. *Deur die predikante van Geneve* 13 Maart 1554.